NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 18 MEI 2006 OM 10:00 TE NG KERK VANSTADENSRIVIER

1. OPENING

1.1 Vergaderplek

1.1.1 Die Sinodale Kommissie vergader by die NG Kerk Van Stadensrivier te St Albans, Port Elizabeth.

1.2 Opening

1.2.1 Die vergadering sing Lied 421 verse 1 en 2.

1.2.2 Die voorsitter, ds Hansie Schutte, lees Efesiërs 4 verse 1 tot 16 voor. Lede gesels twee-twee met mekaar oor wat hulle in die gedeelte hoor oor die uitvoering van die leierskapsfunksie van die SK in die Oos-Kaap. Na die gesprek gee elkeen terugvoer oor wat sy/haar gespreksgenoot gesê het.

1.2.3 Terugvoer:

- Die Here roep ons om na Christus toe te groei. Ons lewenswandel moet hiertoe lei. Die leierskapsfunksie moet help seker maak dat elke gemeente en gelowige groei na Christus toe.
- Elkeen van ons kan 'n christus wees en só gestalte gee aan wie Hy is.
- Mens word sterk aangespreek deur die oproep tot vriendelikheid en geduldigheid. Kerklike vergaderings vind dikwels nie in hierdie gesindheid plaas nie.
- Krygsgevangenes: ons weet nie wat dit beteken nie. Dit beteken ons weet nie alles nie.
- Ons as leiers is nie in kompetisie nie, maar moet mekaar komplementeer.
- Die wyse waarop ons moet dien word in hierdie gedeelte beskryf. Dit loop uit dat alles met Christus se teenwoordigheid gevul word. Dit moet die fokus bly: die kerk dien die vul van alles met Christus se teenwoordigheid.
- Klasverskille veroorsaak dat mense hul eenheid moeilik in Christus vind. Die gevolg is dat gemeentes ook moeilik bymekaar uitkom en mekaar ondersteun.
- As ons weet wat ons roeping is, kan ons mense toerus tot diensbaarheid. Is ons seker ons doen waarvoor God ons geroep het?
- Roeping moet in die wêreld uitgeleef word as getuienis en om 'n verskil te maak.
- "Gevangene" – omdat ek die Here dien. Omdat jy doen wat jy moet, beland jy dikwels in gevangeneskap. Jy word gestroop van alles. Waarvan is ons 'n gevangene in die bediening?
- Die gawes is die leeramp gawes en kerkraadslede voel nie deel hiervan. Ons kerk is predikantskerk. Gaan hier om die eenheid van die liggaam – en al die lede is hierby inbegrepe.
- Die liggaam kan nie deur een mens alleen opgebou word – die liggaam bou homself op. Eenheid is ononderhandelbaar. Fokus, bron en standaard is Jesus. Dan kom ander goed in plek.
- Vers 13 – kennis van die Seun van God. Weens 'n gebrek aan kennis funksioneer die liggaam nie na behore nie.
- Diens is belangrik – aan God en mekaar. Beteken om buite jou gemaksone te gaan dien.
- In verse 4 tot 6 is daar 'n hele aantal "een's". Die NG Kerk familie en wyer Christelike eenheid is belangrik.
- Lewenswandel: jou lewe moet die waarheid wys. Sê en doen bots. Golwe: een man in 'n golf kan nie oorleef, maar as ons saamstaan.
- Kan so op roeping konsentreer dat ons nie by lewenswandel uitkom nie. Ons sukkel met doen omdat ander goed nog nie in plek is nie.
- Verhoudings en strukture is beide belangrik in die eenheid van die liggaam.
- Ons weet as sinode wat ons roeping is: een, heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges. Ons optrede en besluite moet hiermee in lyn wees.
- Ons moet groei na Christus toe – anders groei ons weg van Hom af. As leiers moet ons verantwoordelikheid neem dat gemeentes deur intervensie gehelp word om na Christus toe te groei.

1.2.4 Lede bid twee-twee saam.

1.3 Geloofsverbintenis: Oos-Kaapland

1.3.1 Die vergadering verbind haarself opnuut tot die sinodale geloofsverbintenis onder leiding van die voorsitter.

GELOOFSVERBINTENIS

Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees.
Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld.

Ons glo aan `n heilige kerk wat deur wet en belydenis `n ligdraer in die wêreld is.
Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.

Ons glo aan `n algemene kerk wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan;
Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.

Ons glo aan `n Christelike kerk wat as

barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is;
Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.

Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee;
Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.

1.4 Sinodelied: Die vergadering sing die sinodelied saam.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit – Aktuarius (Verskoning)
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk (Verskoning)
Ds MF Steyn (Verskoning weens siekteverlof)
Ds CH van Heerden – DL Finansies
Ds PL Louw (sekundus vir ds M van Niekerk)
Ds AC van der Westhuizen tree ook as sekundus vir die aktuarius op.

2.2 Lede deur die Ringe benoem

RINGE	PRIMARII	SEKUNDI
Albanie	Ds WG Olivier	
Algoa	Ds JP Kampman Oudl (me) EJ Langenhoven (Algoapark)	
Burgers-dorp	Ds AC van der Westhuizen (Aliwal-Noord) Oudl (me) CJ Nel (Aliwal-Noord)	
Cradock	Ds HM Strydom Oudl (me) AS Smit (Cradock-Noord)	
Dordrecht	Ds WA van Zyl Oudl L Theron (Barkly-Oos)	
Graaff-Reinet	Oudl JM Nel (Aberdeen)	
Humans-dorp	Ds DF Oelofse Oudl JZ du Plessis (Jeffreysbaai)	
Oos-Londen		Ds AP Coetzee
Port Elizabeth	Oudl (ds) PL Louw	Ds TL Wait
	(Kensington)	
PE-Wes		Dr JD Prinsloo
Queenstown	Ds H Retief	
Sondags-rivier	Diak SE Phillipson (Despatch-Eendrag)	
Uitenhage	Ds TJ van Schoor Oudl WH Lane (Uitenhage-Noord)	

2.3 Primarius ouderling: Ring van PE-Wes

2.3.1 Dr JD Prinsloo deel die vergadering mee dat ds GEG (Giep) Louw as primarius vir die ring van PE-Wes aangewys is. Dit word so goedgekeur.

2.4 Adviserend

Dr JWJ Viljoen – Direkteur Administrasie

2.5 Op uitnodiging - Netwerkbestuurders

BNet - ds BIC Steyn
Barmhartigheid - dr A Oliphant (Verskoning)
Familie - ds E Malan
Getuienis - ds JH van Niekerk
Jeug - ds WP Petzer
Liturgie - ds LR Swanepoel
Navorsing - prof PJ Naudé (Verskoning)
Predikante - dr JD Prinsloo
Seisoen van Luister - ds J van Rooyen
Vrouelidmate - me L Steyn

2.6 Lief en Leed

2.6.1 Ds Schutte bedank ds Martin Steyn in sy afwesigheid vir sy jare lange diens op die SK en SK-Dagbestuur. Waar hy weens gesondheidsredes uit die bediening tree, word hy en sy gesin alles van die beste vir die toekoms toegebid.

2.6.2 Ds Schutte was self vir ‘n tyd ongesteld en word goeie gesondheid toegebid.

2.7 Reiskostevorms

2.5.1 Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. SITTINGSURE

10:00 - 10:30 Tee
10:30 - 13:00 Vergadering
13:00 - 13:45 Ete
13:45 - tot met afsluiting van die vergadering.

Besluit: Goedgekeur

4. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die sakelys word aangevul met die volgende sake

en bylae:

- Pt 8.4 Notule Dagbestuur UK Konvent – Bylaag R
- Pt 11.1 Korrespondensie re Botes-formule - Bylaag O
- Pt 11.2 Afgevaardigdes Ring van Humansdorp - Bylaag P
- Pt 11.3 Biddag vir reën - Bylaag Q
- Pt 11.4 Bevoegdheid HG Greeff - Bylae S en S.1
- Pt 12.2 Gesprek: Sinodale boekhouding en beleggings - Bylaag T
- Pt 12.3 Jesus-Projek
- Pt 12.4 Aanwys van lede en sekundi
- Pt 12.5 Datum: Volgende Oos-Kaapse Sinode

5. TERUGVOER UIT RINGE

Ringsverteenwoordigers verskaf die volgende insette uit hul onderskeie ringe:

5.1 Albanie

5.1.1 Die fasiliteringsproses is in al die gemeentes afgehandel (waaronder Buvton se vraelys). Die werklike vrug sal blyk in die tyd wat voorlê. Daar het potensiaal na vore gekom en energie is geskep.

5.1.2 Daar bestaan baie seer in die ring oor die konflik in een van die gemeentes. Dit raak die hele ring.

5.1.3 Kleiner-wordende gemeentes en onderhandelings oor samewerkingsooreenkomste skep frustrasie en tap energie, maar is noodsaaklik.

5.1.4 Daar is ‘n passie vir die pastor pastorum-proses. Die leraars beplan ‘n retraite om na mekaar te luister en vir mekaar te bid.

5.2 Algoa

5.2.1 Die predikante in die ring is naby aan mekaar. Gister is afskeid van ds Bennie van As geneem en feitlik al die predikante is daar. Daar is ‘n weeklikse biduur wat ‘n groot persentasie bywoon.

5.2.2 PE-Noord het ‘n goeie evangelisasie-veldtog, veral gerig op jeug, agter die rug.

5.2.3 Die 40 dae doelgerigte lewe–projek funksioneer in van die ringsgemeentes.

5.2.4 Patmos: ds Gerhard Olivier is op ‘n jaar kontrakbasis bevestig. Die siviele saak is voor die hofsitting geskik, die pastorie is teruggegee en die gemeente kan nou voortgaan om kerk te wees.

5.2.5 Ringsgemeentes voer heelwat projekte saam uit.

5.3 Burgersdorp

5.3.1 Twee van die leraars het beroepe na ander gemeentes aanvaar (di Louw en Coetzer).

5.3.2 Steynsburg en Venterstad is in kombinasie en het ds Daan van Wyk beroep. Hy het aanvaar en word op 18 Junie bevestig.

5.3.3 Die VGK is in ‘n krisis – een leraar is konsulent vir sewe gemeentes.

5.3.4 ‘n Goeie reënseisoen is in Januarie en Februarie beleef – ‘n hele jaar se reënval. Die lidmate se gemoed is positief en dit weerspieël in gemeentes.

5.3.5 Weens wisseling in predikante het projekte ietwat gestagneer, maar sal nou op dreef kom.

5.4 Cradock

5.4.1 Dit het wonderlik regdeur die ringsgebied gereën.

5.4.2 Hofmeyr is sonder leraar en word uit Cradock-Noord bedien. Noupoort word deur ‘n Hervormde leraar, Elmien Jordaan, bedien.

5.4.3 Noupoort-gemeente is ‘n projek van die ring (leraar se reiskoste). Cradock-gemeentes is sterk betrokke by die Mosambieksending.

5.4.4 Die bosberaad (leraarsbyeenkoms) te Cradock was as ‘n baie goeie byeenkoms beleef.

5.4.5 Die vierde leraarspos op Cradock is pas gevul. Dr Braam Hanekom bied ‘n leierskap-seminaar in September (18-20 September) aan.

5.4.6 Ds Japie Taljaardt van Colesberg se dogter was lank baie siek aan kanker, en sy is genees. Ons is dankbaar daaroor.

5.5 Dordrecht

5.5.1 Die ring het vier nuwe leraars: te Umtata ds Willem Botes; in Ugie is daar ‘n tentmaker, Willie Schoeman, Willie van Zyl is te Maclear bevestig ; en op Elliot is Stephen Sass as voltydse leraar bevestig. Jannie Richter is na Barkly-Oos beroep en ook reeds bevestig.

5.5.2 Die Amos-seminaar het baie goed afgeloop en die Xancibe-sendingpos-projek funksioneer ook positief.

5.5.3 ‘n Ouderlingekursus het goed afgeloop.

5.5.4 Die ring se doel is om ‘n Vigssentrum in elke dorpie te plaas. Op een van die dorpe is ‘n sesjarige en 8 maande oue kind dood nadat hulle deur Vigs wees gelaat is en verhonger het. Daar is oorweldigende samewerking vanuit gemeentes.

5.5.5 Minder as ‘n jaar na die Buitengewone Sinode, toe dit donker gelyk het vir die ring, gaan dit baie goed. Die ring is dankbaar.

5.6 Graaff-Reinet

5.6.1 Daar is heelwat positiewe energie op Aberdeen vanweë skakeling oor grense heen.

Daar is baie onontginde welwillendheid. Dit is ook ‘n groeiproses van oorreding en beswering van vrese – veral as byeenkomste oor kulturele grense heen ter sprake is.

5.6.2 ‘n Gesamentlike ringsitting met die VGK word beplan. Daar is 14 VGK gemeentes in die ringsgebied, en daar is eersdaags geen predikant in die VGK oor nie.

5.6.3 “Speke vir Christus” is ‘n fietstoer vir Bybelverspreiding wat deur ds Jurie Wessels gereël is. Dit was ‘n reusesukses – die fietstoer het deur feitlik elke gemeente in die ringsgebied gereis. Die doel is om R22 per lidmaat vir Bybelverspreiding in te samel.

5.6.4 Daar is ‘n ringsprojek rondom emosionele intelligensie. Johan Botha van die emosionele intelligensiesentrum, besoek die ring. Waar sake soos die Belharbelydenis na vore kom, is daar ‘n hoë vlak van onverdraagsaamheid.

5.7 Humansdorp

5.7.1 Die Ring bestaan uit 10 gemeentes met 14 leraars. Dit is die tweede grootste ring in die sinode (lidmaattal).

5.7.2 Daar is drie inrigtings vir bejaardes in die ring, daar is ‘n CMR wat die ring se kommissie vir barmhartigheid is. Die CMR-diens is getransformeer en 35,000 kliënte, verteenwoordigend van die samelewing, is die afgelope jaar bereik.

5.7.3 Ringsprojekte: ‘n jaarlikse manne en vroue-retraite vind te Eersterivier-kampterrein plaas. Daar is ook ‘n eggenote-versorgingskamp in September.

5.7.4 Die kampterrein is ‘n trots van die ring. Daar is onlangs ‘n ervaringsleer-baan gebou.

5.7.5 RKLAS reël ‘n konferensie oor Skrifgesag.

5.7.6 ‘n Databasis oor die getuienisuitreik van die ringsgemeentes word beplan.

5.7.7 Oorweging word geskenk aan ‘n projek om plattelandse gemeentes aan te neem.

5.7.8 Die stygende tendens van sinodale dank-offers stem die ring bekommerd – aangesien die ring die grootste donateur van sinodale dankoffers is.

5.7.9 Dit is droog in die ring, en daar is verlaagde uitvoere en mense verloor werk in die landbou-sektor. Die sinodale bydraes is dieselfde as in die ou sisteem (voor 2002) en daar is vrae daaroor. Sou ringe ‘n interne ringsfonds kon begin? Is dit dalk die laaste tree van afwenteling?

5.7.10 Die VGK Humansdorp het aansoek gedoen om lidmaatskap van die Ring van Humansdorp – wil uit verband met VGK tree en as NGK gemeente funksioneer.

5.8 Oos-Londen

5.8.1 Die armoedeverligitngsprojek wat deur die RKDB bestuur word (skep van groentetuine) funksioneer goed.

5.8.2 Die leraarstoerustingsprojek onder leiding van die ringskommissie het ‘n groot verskil oor die afgelope drie jaar gemaak. Daar was ‘n tyd van spanning wat die ring uitmekaar wou breek, en die toerusting het ‘n geweldige positiewe impak gehad.

5.8.3 Die ring is soos ‘n magneet – in die middel ‘n sterk kern, met twee onversoenbare pole. Tog gaan dit goed in die ring, die leraars aanvaar mekaar.

5.8.4 Die ervaring is dat VGK-lidmate, wat in gemeentes intrek, by die naaste NGK gemeente inskakel.

5.8.5 ‘n Verslag deur me Magda von Solms oor die armoedeverligtingsprojek vertel van die groot impak daarvan.

5.9 Port Elizabeth

5.9.1 Die ring bestaan uit 9 gemeentes met 12 leraars. Dr Japie Havemann het onlangs demissie as kontrakleraar te Somerstrand aanvaar..

5.9.2 Die Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes-projek funksioneer goed en volledige verslag word hieroor gee.

5.9.3 Die fasiliteringsprojek rondom De Duin, Somerstrand en PE-Oos kom moeilik op dreef. De Duin oorweeg samewerking met ander kerk-groepe.

5.9.4 In die sentrale stadsgebied is daar geleenthede vir die kerk wat nog nie behoorlik raakgesien word nie. Wes-Afrika is in PE en daar is geleentheid om sout en om lig te wees.

5.9.5 Al die sjebeens in Noordeinde is gesluit. Daar kan volgens munisipale regulasies nie ‘n sjebeen binne 100 meter van ‘n kerkgebou bedryf word nie.

5.10 PE-Wes

5.10.1 Die Ring bedien die westelike deel van Port Elizabeth.

5.10.2 Die Ring funksioneer baie swak. Sedert 2002 was daar groot weerstand teen die hele nuwe bedeling in die sinode. Daar gebeur weinig in die ring. Sedert die ringsitting verlede jaar was daar geen kontak tussen ringsleraars nie.

5.10.3 Die ringsgemeentes is groot met baie lidmate.

5.10.4 By die byeenkoms van ringsleraars met die moderatuurslede was net drie van die leraars betrokke. Die ontbrekende belangstelling in samewerking verlam die leraars wat wel wil

saamwerk.

5.10.5 Daar is ‘n gevoel van sinisme oor die seisoen van luister.

5.10.6 Groot potensiaal bestaan in die ringsgebied – die stad word groter, maar die gemeentes groei nie.

5.10.7 Daar is ‘n goeie projek rondom ringsjeug onder leiding van ds Deon van Staden.

5.10.8 Ringsvisitasie kom nie behoorlik tot sy reg nie.

5.10.9 Die SK behoort aandag te gee aan die situasie.

5.10.10 Sionsrand-gemeente is die afgelope jaar vakant. Die Here het wonderlike dinge gedoen en die gemeente het in eenheid gegroei, krisisse afgeweer, en dr Ralph Barnard behartig die belangrikste deel van die bediening.

5.10.11 Besluit:
Die hantering van die saak word na die SK-Dagbestuur verwys.

5.11 Queenstown

5.11.1 Verkleinende gemeentes is ‘n realiteit in die ringsgebied, en daar is ‘n vermindering van dienste. Die CMR veroorsaak dat die kerk wyer herken word en dienste kan lewer. Die stem van die kerk en invloedsfeer word ingeperk omdat daar minder lidmate is wat in die samelewing betree.

5.11.2 Wyer samewerking, buite bestaande grense, is nodig.

5.11.3 Samewerking tussen die gemeentes van Sterkstroom en Molteno (oor ringsgrense) verloop baie goed.

5.11.4 Ekumene: die Ring tree oor grense – nie net na die VGK nie, maar ook na ander kerkverbande. Afrikaanse eredienste is ontoeganklik vir beide ander swart- en witmense. Vir 50% mense is ‘n Engelse erediens ook ontoeganklik.

5.11.5 Die Judea-Harvest projek het gehelp met kerkstigting – dit verteenwoordig samewerking buite Gereformeerde kringe.

5.11.6 Baie predikante bedien in half- en kwartposte. Dit is ook goed, want samewerking met ander strek kleiner gemeentes tot voordeel. Dit leer ons ook wyer kyk as net geboortes onder bestaande NG Gemeentes.

5.12 Sondagsrivier

5.12.1 Die verslag staan oor. Die afgevaardigde is weens gesondheidsredes afwesig.

5.13 Uitenhage

5.13.1 Uitenhage-Oos gemeente neem ‘n ondersteunende bedieningsverantwoordelikheid te Waterford en Uitenhage-Noord te Steytlerville. By beide gemeentes het die lidmate verantwoordelikheid vir die gemeentelike werksaamhede geneem.

5.13.2 Daar is 10 predikante in die ring, waarvan die twee oudstes (Maans van Lill en Predon Roodt) binne die volgende jaar emeriteer.

5.13.3 In die aanloop tot die beroeping van die volgende leraar het Uitenhage-Oos in ‘n seisoen van luister rondom die ring se roepingsverklaring getree. Dit word verwerk tot die samestelling van profiele hoe die volgende poste gevul gaan word.

5.13.4 Die fasiliteringsproses verloop soos ‘n rukkerige rugbywedstryd waar die bal nie altyd deur al die fases gaan nie. Die predikante-byeenkoms met moderatuurslede het energie geskep en die proses opnuut aan die gang gesit. Al die gemeente het eienaarskap aanvaar van die visie van die ringe. Nou moet daar hande en voete aan die roepingsverklaring gegee word.

5.13.5 Die sinodale ritme het die ring aangemoedig om ‘n gepaste ritme te ontwerp, soos kerkraads-dinkskrumme na die ringsvergaderings. Dit help die proses aan.

5.13.6 Daar was ‘n baie goeie predikante-wegbreek. Dit is positief beleef en dit word ‘n jaarlikse instelling op die program.

5.13.7 Die drie ringsprojekte ontwikkel positief. Die deelname van lidmate moet verhoog.

5.14 Konklusie

5.14.1 Uit die terugvoer blyk duidelik dat die NG Kerk in Oos-Kaapland haar visie begin leef; die kerk is op pad. Daar is opwindende verwikkelinge.

5.14.2 Me Tish Steyn meld dat daar min vir vroue gedoen word, ook vroue van leraars. Sy doen ‘n beroep dat ringe en gemeentes meer aandag aan die vrou gee.

6. NOTULES VIR KENNISNAME

6.1 SK - 2005-11-24 Bylaag A

6.1.1 Besluit: Kennis geneem

6.2 SK-Dagbestuur - 2006-02-09 Bylaag B

6.2.1 Besluit: Kennis geneem

7. SAKE VOORSPRUITEND

7.1 SK-Dagbestuur – 2006-02-09 Bylaag B

7.1.1 Oos-Kaapse Gesprek met Kerkrade re Kerkhereniging (pt 5.2.1) Bylae C en C.1

7.1.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag C (Verslag oor gesprekke op gemeentelike vlak oor kerkhereniging - dd Maart 2006) en Bylaag C.1 (Terugvoer oor die Algemene Sinode se 2004

Kerkhereniging Verklaring - ongedateerd). Die kompilasieverslag is deur die SK-Dagbestuur goedgekeur, reeds na die Algemene Sinode versend, en word vir kennisname as Bylae C en C.1 aangeheg.

7.1.1.2 Besluit:
***1 Kennis geneem;**
***2 Die verslag word ook na gemeentes gestuur, tesame met die gesprekspunte wat in die fasiliteringsproses getoets is.**

7.1.2 Uitkoop van tyd en teologiese beplanningsessie en Personeelverbintenis (pt 5.2.5) Bylaag D

7.1.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag D (Gespreksdokument rondom die roeping van die sinode en die aanwending van sinodale kapasiteit – dd 2006-05-03).

7.1.2.2 Die skrywe van die Ring van Humansdorp: Permanente uitbreiding van BNet en NN (pt 5.2.12) is hierby ingesluit.

7.1.2.3 Besluite:
***1 Pte 1. tot 5. – Kennis geneem**
***2 Pt 6.1 Goedgekeur**
***3 Pt 6.2 Goedgekeur**
***4 Pt 6.3 Goedgekeur**

7.1.3 Leraarsbyeenkomste in Ringsverband (pt 5.2.6.1) Bylaag E

7.1.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag E (Voorlopige evaluering van gedesentraliseerde leraarsbyeenkomste in ringsverband – ongedateerd) en gee terugvoer oor die effek daarvan.

7.1.3.2 Terugvoer:
- Die ringe het dit positief beleef, en in sommige gevalle het dit daadwerklike nuwe energie geskep.
- Dit kan goed wees om lidmate in die toekoms by hierdie soort byeenkoms te betrek.
- 'n Ring rapporteer dat die gesprek juis veilig was omdat net predikante teenwoordig was.
- Dit was positief dat die leiersgroep van die sinode na die gemeentes en ringe beweeg het.
- Die proses bemagtig nou reeds leraars om die proses van die seisoen van luister in gemeentes te fasiliteer.

7.1.3.3 Besluit:
Kennis geneem van Bylaag E in sy geheel.

7.1.4 Bestuur sinodale fondse en Reglement 8.8 (pt 5.2.7) Bylaag F

7.1.4.1 Die vergadering bespreek Bylaag F (Advies van die aktuarius re die hantering van sinodale fondse en Reglement 8.8).

7.1.4.2 Besluit:
Kennis word geneem dat die wyse waarop die sinodale boekhouding plaasvind nie in stryd is met Reglement 8.8 nie.

7.1.5 Kommentaar Buitengewone Sinode (pt 5.2.8)

7.1.5.1 Ring van Queenstown Bylaag G

*1 Die vergadering bespreek Bylaag G (Notule: Gesprek tussen verteenwoordigers SK Oos-Kaapland en RK Ring van Queenstown op 21 April 2006 re Buitengewone Sinode 2005 - dd 2006-04-21).

***2 Besluit: Kennis geneem van die gesprek, met dank.**

7.1.5.2 Broer L Theron

*1 Die saak staan oor.

7.1.6 Sinodale Werkswinkel (pt 6.1)

7.1.6.1 Ds Barnard Steyn doen verslag dat die sinodale werkswinkel baie positief ervaar is. Die term VTO kan in die toekoms gebruik word, en dit kan op verskillende plekke - gedesentraliseerd - aangebied word. Daar kan dus 'n hele aantal VTO-geleenthede per jaar gehou word.

7.1.7 Wysiging van die lys Sinodale Kollektes (pte 6.2.2.2 - 6.2.2.4)

7.1.7.1 Die saak staan oor tot by pt 12.2 waar Bylaag T bespreek word.

7.1.8 Oos-Kaapse bydrae aan die Algemene Sinode 2006-7 (pt 19.1.3.1)

7.1.8.1 Die DA en DL Finansies doen verslag dat die toedeling aan die sinode uit die oorskot van die predikante-konferensie aangewend sal word om die Oos-Kaapse bydrae aan die Algemene Sinode aan te vul.

7.1.8.2 Besluit: Die vergadering keur hierdie handeling met dank goed.

7.1.9 Gemeentes se finansiële verantwoordelikheid teenoor die algemene kerkverband (pt 19.1.3.2)

7.1.9.1 'n Voorstel in hierdie verband word deur die DA en DL Finansies met die oog op die sinode van 2007 voorberei.

7.1.9.2 Die ondersoek is gedoen en 'n konsepverslag is reeds geskryf. Die saak staan oor tot die SK-vergadering van November 2006.

7.1.10 Seisoen van Luister (pt 20.1)

7.1.10.1 Ds Johan van Rooyen doen verslag oor die vordering met die projek. Agt van die dertien loodsgemeentes is reeds besig om die projek te evalueer en binne 10 dae word terugvoer aan die taakspan vir die luisterseisoen gegee.

7.1.10.2 Ds Rethie van Niekerk is eersdaags weer terug uit die buiteland, en sal dan weer die projek lei.

7.2 SK 2005-11-24 Bylaag A

7.2.1 Ondersoek deur Netwerk vir Navorsing: Hulp aan kleiner plattelandse gemeentes (pt 6.2.4)

7.2.1.1 Die Ring van Dordrecht werk reeds prakties aan hierdie saak.

7.2.1.2 Die Netwerkbestuurder NN word versoek om teen November 2006 ‘n verslag aan die SK voor te lê.

7.2.1.3 Die DA beredeneer die moontlikheid dat die sinode daadwerklik aandag gee om die instelling van teologiese opleiding vir tentmakers (lidmate wat leraarsfunksies uitvoer) in die Oos-Kaap te ondersoek, te inisieer en te implementeer Dit kan by ‘n permanente fasiliteit geskied, met ‘n sekere mate van sertifisering na afloop van die opleiding.

7.2.1.4 Besluit:
BNet word gevra om die saak te ondersoek met verslag aan die SK-Dagbestuur. Volmag word aan die Dagbestuur verleen om hieroor te beplan en die beplanning deur te voer.

7.2.2 R10-Projek (pt 6.3.5)

7.2.2.1 Die DA doen verslag oor vordering met hierdie projek. Met dank kennis geneem dat sowat R30,000 ingesamel is.

7.2.3 Toerusting aan gemeenteskriba’s (pt 6.3.13.2)

7.2.3.1 Die DA gee terugvoer oor die toerustings-geleentheid. 58 NG gemeentes en een VGK gemeente is deur 82 afgevaardigdes verteenwoordig. Daar is ‘n behoefte dat dit ‘n jaarlikse instelling moet word.

7.2.3.2 Met dank kennis geneem.

8. EKUMENE

8.1 Konvent vir Eenheid Bylaag H

8.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag H (Notule van die UK Konvent - dd 2006-02-27-28).

8.1.2 Besluit: Kennis geneem van die notule in sy geheel.

8.2 Oos-Kaapse Raad vir Kerke

8.2.1 Die voorsitter doen verslag dat geen vergadering sedert November 2005 plaasgevind nie. In November 2005 het die sentrale gesprekspunt oor grondhervorming gehandel.

8.2.2 Die NG Kerk het reeds pragtige besluite oor grondhervorming geneem. Verwysings na hierdie besluite (opgestel deur die voorsitter) sal per OosKaap eNuus aan gemeentes gekommunikeer word.

8.2.3 Die volgende vergadering van die Raad vir Kerke vind in November 2006 plaas.

8.3 Transformasie Dag van Gebed

8.3.1 Die DA en skriba doen verslag dat ‘n uitnodiging aan al die gemeentes in Port Elizabeth gestuur is met die oog op Sondag, 4 Junie.

8.3.2 Daar is ook in ander ringe so ‘n dag van gebed op 4 Junie.

8.3.3 Gemeentes word aangemoedig om by hierdie geleenthede in te skakel.

8.4 Notule Dagbestuur UK Konvent Bylaag R

8.4.1 Die vergadering bespreek Bylaag R (Notule van die vergadering van die Dagbestuur UK Konvent - dd 9 Mei 2006).

8.4.2 Dr Chris van Wyk rapporteer dat die vertroue tussen die rolspelers groei.

8.4.3 Besluit: Kennis geneem van die notule in sy geheel.

9. VANAF DIE ALGEMENE SINODE

Die volgende sake kom na vore uit ‘n skrywe wat van dr Kobus Gerber, Algemene Sekretaris NG Kerk, ontvang is.

9.1 Algemene Sinode 2007

9.1.1 Kennis geneem van die datum: 4-8 Junie 2007. Hoëveld sinode is die gashere.

9.1.2 Die vergadering neem aan die hand van Bylaag I (Berekening van proporsionele komponent van sinodes se afgevaardigdes) kennis dat Oos-Kaapland op 36 afgevaardigdes geregtig is.

9.1.3 Besluit: Die afvaardiging bly basies soos dié vir die Algemene Sinode 2004 en sal gefinaliseer word by die SK-vergadering van November 2006.

9.2 Kerkhereniging op grondvlak

9.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag J (Kerkhereniging op grondvlak – dd 2006-04-28).

9.2.2 Besluit:
9.2.2.1 Kennis geneem van die bylaag in sy geheel.
9.2.2.2 Die SK neem ook kennis dat hierdie besluite formele plaaslike samewerking baie vergemaklik.
9.2.2.3 Gesamentlike ringsittings kan saam besin oor ‘n bediening wat die VGK ondersteun.

9.3 NG Kerk en die ekonomie

9.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag K (Die

NG Kerk en die ekonomie - dd April 2006) en Bylaag L (Covenanting justice in the economy and the earth - dd 2004-07.30).

9.3.2 Besluit: Kennis geneem van Bylae K en J in hul geheel

9.4 Tussenkerklike Raad: Streekkonferensies van leraars van die drie Afrikaanse Kerke

9.4.1 Die TKR het die NG Kerk versoek om leiding te neem t.o.v. die hou van streekbyeenkomste / konferensies.

9.4.2 Besluit: Ringe word versoek om amptelik te skakel met leraars van hierdie kerke.

9.5 Positiewe verwikkelinge rondom kerkhereniging

9.5.1 Die AS Moderatuur het 'n positiewe trilaterale gesprek met die RCA en die NGKA gehad. Die gesprek word in September 2006 opgevolg.

9.5.2 Die Moderamen van die NG Kerk en die ASK van die VGKSA is vanaf 20-22 Junie 2006 in 'n retreat / bosberaad met die oog op die kerkherenigingsprosesse. Dit is eintlik 'n historiese geleentheid. Gemeentes / leraars / lidmate word gevra om werklik ernstig vir hierdie besondere gesprek te bid.

9.5.3 Besluit: Met dankbaarheid kennis geneem.

9.6 Restant fondse van die Algemene Predikantebyeenkoms

9.6.1 Die Dagbestuur van die Taakspan Fondse het besluit om die geld gelykop tussen die verskillende sinodes te verdeel. Dr Gerber skryf: "Ons het talle formules probeer om uitsonderings te ontmoet, en ons dan weer in ander probleme vasgeloop. Ek vertrou dit is goed so en dat julle die geld sal aanwend in die gees van die betrokke byeenkoms. Gerhard Potgieter van die kantoor sal met u in verbinding tree hieroor."

9.6.2 Afgehandel by pt 7.1.8.

10. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

10.1 Beleggings Bylaag N

10.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag N (Beleggingsportefeulje – dd 2006-04-30) wat aandui dat die beleggingsportefeulje oor die afgelope jaar met 20% gegroei het.

10.1.2 Besluit: Kennis geneem met dankbaarheid teenoor die Here en met gelukwense aan die DA.

11. KORRESPONDENSIE

11.1 Korrespondensie re Botesformule Bylaag O

11.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag O (Korrespondensie Sinodale Bydraes: D vd M Du Preez en DA – dd 2006-04-09 en 2006-05-02).

11.1.2 Besluit: Kennis word geneem van die korrespondensie.

11.2 Afgevaardigdes Ring van Humansdorp Bylaag P

11.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag P (Afgevaardigdes Ring van Humansdorp na SK - dd 2006-05-09).

11.2.2 Besluit: Die afgevaardigdes word goedgekeur.

11.3 Biddag vir Reën Bylaag Q

11.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag Q (Biddag vir reën - dd 2006-05-09).

11.3.2 Besluit: Die SK versoek gemeentes om Hemelvaartdag ook te benut as bid- en dankdag vir reën.

11.4 Bevoegdheid HG Greeff Bylae S en S.1

11.4.1 Die vergadering bespreek Bylaag S (Hertoelating tot evangeliebediening broer Henk Greeff - dd 2006-05-11) en Bylaag S.1 (Ampsbevoegdheid: HG Greeff).

11.4.2 Besluit: Kennis geneem.

12. ANDER SAKE

12.1 Notule: Ad Hoc Moderatuur 2006-02-28 Bylaag M

12.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag M (Notule ad hoc vergadering van moderatuurslede - dd 2006-02-28).

12.1.2 Besluit: Kennis geneem van die notule in sy geheel.

12.2 Gesprek: Sinodale boekhouding en beleggings

12.2.1 Die SK bespreek Bylaag T (Gesprek oor sinodale boekhouding en beleggings - dd 2006-05-17).

12.2.2 Besluite:
12.2.2.1 Pte 1.-4.2 - Kennis geneem
12.2.2.2 Pte 4.3-4.3.3 (Reglement 8.8) - Goedgekeur.
12.2.2.3 Pte 5.-6 - Kennis geneem.

Hiermee is pt 7.1.7 ook afgehandel.

12.3 Jesus-Projek

12.3.1 Herman Retief herinner gemeentes daaraan dat die Jesus-Projek daadwerklike misbruik van die Here se Naam aanspreek. Hy vra dat gemeentes die misbruik van die Here se Naam teenstaan, en – indien hulle so voel – spesifiek van die Jesus-Projek gebruik maak.

12.4 Aanwys van lede en sekundi

12.4.1 Die vergadering wys die volgende lede en sekundi aan om vakatures te vul:

12.4.1.1 Ds PL Louw word lid van die SK-Dagbestuur in die plek van ds Martin Steyn.

12.4.1.2 Ds Tobie van Schoor word as sekundus-lid vir die SK-Dagbestuur aangewys in die plek van ds PL Louw.

12.4.1.3 Ds Deon Oelofse word as sekundus vir die skriba aangewys in die plek van ds Etienne Ferreira wat die sinodale gebied verlaat het.

12.5 Datum: Volgende Oos-Kaaplandse Sinode

12.5.1 Besluit: Die volgende sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland sal in die week van 12 November 2007 plaasvind.

13. VOLGENDE VERGADERDATUMS

27 Julie 2006	SK-Dagbestuur
26 Oktober 2006	SK-Dagbestuur
23 November 2006	Volle Sinodale Kommissie

14. AFSLUITING

14.1 Dr Chris van Wyk sluit die vergadering met gebed af.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuursvergadering van 27 Julie 2006:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: